
Cannot view the email properly? View it online

# VrydagNuus

**14 Maart 2025**



### *Vas*

Tydens ons huidige Connect reeks (Op die Jesuspad: Vas) het ek ontdek dat ons moderne, vinnige lewenstyl bepaalde uitdagings aan ’n mens stel wanneer jy halfhartig probeer vas. Die hongerpyne raak hier teen die middag regtig knaend en elke krieseltjie kos verander in ’n versoeking - selfs iemand anders se smeersel grondboontjiebotter wat oorgebly het op die mes nadat sy ’n toebroodjie gemaak het! As mens vas met die ingesteldheid dat jy jouself iets ontneem, voel dit mos baie maklik soos ’n straf met allerhande newe-effekte, soos lighoofdigheid, verlaagde konsentrasie en traagheid.

Om te vas is natuurlik nie ’n straf nie - dis ook nie om jouself iets te ontneem nie. Om te vas is om jou fokus te verskuif na God toe. Dit is om bý te kry; om méér te kry; om nóg te beleef.

Om te vas gaan hand-aan-hand met gebed. As mens nie bid wanneer jy vas nie, is jy eintlik net besig met 'n diëet! Daar is niks fout met diëte wat vas insluit nie, dis net nie ons mikpunt wanneer ons besig is met Bybelse vas nie. Die rede hoekom 'n mens vas, is tog om meer "spasie" te skep sodat jy op 'n dieper vlak na die Here kan soek. Met ander woorde, die tyd wat jy sou spandeer daaraan om te eet, kan jy nou gebruik om te bid. Jy kan ook die hongerpyne gebruik as 'n fisiese herinnering daaraan om te bid.

Dit beteken nie dat die Here meer aandag aan jou gebede gaan gee wanneer jy vas en bid nie. Dit beteken ook nie dat Hy meer geneig gaan wees om vir jou te gee waarvoor jy vra wanneer jy vas nie. Ons kan nie die Here se arm draai deur ons aksies nie. En die punt van gebed is ook nie om te kry wat óns wil hê nie. Die punt van gebed is om God te kry. Daarom is die punt van vas saam met gebed om 'n dieper konneksie met die Here te vorm; dis om nader aan sy hart te kom; dis om sy teenwoordigheid meer intens te beleef; dis om onsself met groter oorgawe aan Hom te gee.

Mag jy hierdie week diep geseënd wees wanneer jy vas.

Groete

Johan



# *16 Maart*

**Deuroffers: Nuwe Geloofsgemeenskapontwikkeling**
***"Op die Jesuspad: Vas" Week 3***

**Erediens | Kerk @ 09:00**
Dave Viljoen
**Erediens | Kerk @ 10:30**
Dave Viljoen (doop*)
**Tienerkerk | Saal @ 18:00**
Lionel Hutton
**Erediens | Kerk @ 18:30**
Johan Steenkamp

***Dopelinge:**

CHRISTIAAN COENRAAD RUDOLF KOCH, seuntjie van Christie en Coritha

*Noemnaam: Christiaan*

CELIA HENRIETTA CARSTENS, dogtertjie van JP en Culla Carstens

*Noemnaam: Celia*

HERCULES LEFEBRE VAN DER MERWE, seuntjie van Van Zyl en Brigitte

*Noemnaam: Hercu*

JOHAN CHRISTIAN BENADé, seuntjie van Gerdus en Mariet

*Noemnaam: Johan*

**Jeugbediening:**

**Kinders: 09:00 - 10:00**
3-4 jr: Langsaal
5-6 jr: Jeugsaal
Gr 1-5: Grootsaal
Gr 6-7: 09:00 diens in die kerk, verdaag na die Kleinsaal na die sang

**Tieners: 18:00**
Gr 8-12: Grootsaal

Tienerdiens om 18h30

**Aanlyn erediens** - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier**.



# *Vrywilligers*

Kom maak asb ons hande sterk en raak betrokke as vrywilliger by die bedieninge:

**Jeugbediening**
Ons benodig groepleiers by die tieners (Gr 8-12) asook die jongtieners (Gr 6-7). Kontak Susan of Lionel

**Alta du Toit**
Kom kuier saam op Dinsdagaande om 18h00 as ons uitreik na Alta du Toit nasorg.



# *Paaseier insameling*

Ons samel weer *marshmallow* paaseiers in om Paasfeeswense aan ons begunstigdes oor te dra.

Lewer af by die kerkkantoor gedurende die week of in die gemerkte mandjies op Sondae.

Insameling tot **14 April**.



# *Bediening na Buite behoeftes*

**Huis Ravenzicht** vra bruikbare tweedehandse klere wat hulle kan verkoop om fondse in te samel.

**Karl Bremer Hospitaal** benodig geskikte leesboeke vir kinders en volwassenes in enige landstaal.

**MES Durbanville** benodig skoonmaakmiddels, toiletware, droë kruideniersware en noodhulp voorraad (pleisters, salf, ontsmettingsmiddel ens).

Lewer enige skenkings by die kerkkantoor af.



# *Bouprojek*

Ons het groot planne om die kerkkomplekse te omskep in 'n verwelkomende kuier-ruimte. Kyk hier na die video om te sien waaroor ons alles droom.

Oorweeg asb 'n bydrae tot die Kenridge Boufonds om hierdie droom te bewaarheid. Merk asb enige EFT, Snapscan of kontantbydrae duidelik "**Boufonds**".

Hierdie Sondag se **deurkollekte** by die kerk gaan vir die **Kenridge Boufonds.**



# *Gebedsbediening*

**Gebedsfokus**

Die volledige gebedsfokus is op die webtuiste beskikbaar.

## Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur 'n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

**Bid saam met die gebedspan**
Sluit aan by die gebedspan in die gebedskamer na afloop van die 09h00 diens.

---

Kerkkantoor:

**Ma - Do 09:00 - 16:00**

**Vry 09:00 - 13:00**
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

**Bankbesonderhede:**

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655

Snap here to pay

SnapScan